
UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

KAMPUS nuus



# MAWETHU NYAKATYA
## Taking research to communities

SSVO kry 'n nuwe baadjie | Renowned countertenor sings in Endler Hall | Slim tegnologie help studente met terme | Sigaretstompies kom hul moses teë

JAAR 23#06 AUGUSTUS 2015 YEAR 23#06 AUGUST 2015
US Personeelblad SU Staff Magazine

## contents inhoud


My Kampus: Shameela Martheze kán boek hou ..... 3
SU's chemists are Africa's research leaders ..... 4
US verwyder Verwoerd-gedenkplaat ..... 5
Fondse bevorder navorsing in Afrikaans en isiXhosa ..... 6
USA conference inspires academics ..... 7
Prof André Roux looks into the future ..... 8
Selfoontegnologie leer student terme ..... 9
SSVO kry 'n nuwe baadjie ..... 10
Weg met sigaretstompies ..... 11
TwoPianists duo celebrates 15 years ..... 12
Kampuslewe: Eet, lees en luister ..... 13
Surviving trauma ..... 14
In conversation with Mawethu Nyakatya ..... 15
Brokkies in Beeld ..... 16












*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Stefan Els
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur, Admin B-gebou, tel: 021 808 2927, faks: 021 808 3800, e-pos: kampusnuus@sun.ac.za of wmuller@sun.ac.za


UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY



## VAN DIE Redakteur

Die Universiteit Stellenbosch se visie is om 'n inklusiewe, innoverende en toekomsgerigte universiteit te wees. Dié maand vertel *Kampusnuus* jou stories oor personeellede wat waarlik van hierdie visie 'n werklikheid maak.

Ontmoet Shameela Martheze van die Afdeling Informasietegnologie. Op bladsy 3 vertel sy meer oor haar werk en die groot prestasie wat sy onlangs bereik het.

On page 8 you can read about futurist and economist Prof André Roux, who will soon hand over the baton of Director of the Institute for Futures Research (IFR) based at SU's Business School. He not only tells us more about this exciting field of future studies, but also shares his future career plans.

A certainly innovative tool is the Mobilex trilingual online dictionary which was developed by SU's Faculty of Education. With this application, students can search for the definitions of academic education terms and find explanations in Afrikaans, English and isiXhosa. Read more about it on page 9.

Die strukture binne die Universiteit is ook gedurig aan't verander, en op bladsy 10 berig ons oor hoe die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) onder dr Munita Dunn-Coetzee se leiding geherstruktureer is om beter dienste aan studente te lewer.

Ons personeel neem ook hul sin vir innovasie en toekomsgerigtheid buite die kantoor. Op bladsy 11 vertel Roelof Loubser, Mobiliteitsbestuurder aan die US, van 'n organisasie teen stompierommel, genaamd Buttwhynot, wat hy in sy private hoedanigheid gestig het. Hy dink beslis aan die toekoms van ons planeet.

The University's impact on society also ensures a future for all the communities we interact with. This is why our cover personality Mawethu Nyakatya has been appointed as Manager: Community-based Research within the Division for Community Interaction. Get to know Mawethu on page 15.

Enjoy this issue of *Kampusnuus*.

*Wayne*

## KAMPUS klets

I'm proud of the peaceful nature of the protesting students at SU and also of how the University is reacting to them. We are showing the rest of the country that violence is not necessary to bring about change. Sometimes logic and patience can get things done with greater satisfaction for more people. – *Neha*

I honestly think that removing the Verwoerd plaque is not the best solution because that guy contributed to the construction of the building in one way or another and deserves to be honoured (see page 5). All we need is a renewed mind not dealing with physical objects. Well, that's my take. – *Ioveu*

Thank you to SU for handling this process of renewal and the creation of a more inclusive campus and atmosphere very well. This is something to appreciate and look up to in terms of future renewal projects at other South African universities. No need for protests here. – *Sean Sylvia*

If only the University could assist us as students with the proper SU whistles/pepper-spray instead of handing out stickers/pamphlets with emergency numbers on. Because by the time you are supposed to call those emergency numbers, the criminals would have disappeared from the scene ages ago, with your cell phone and the file with your sticker with the emergency numbers on. – *Dustin Coraizin*

Stellenbosch shouldn't be apologetic about having a plaque with Verwoerd's name on it. As UCT was not apologetic about having the Rhodes statue on the campus once. Stellenbosch is a beautiful place and has so much to offer to its students. Any student who has the privilege to be there should be immensely grateful for the protected environment. – *Theo T Rossouw*

*You are welcome to write to Kampusnuus. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physical address (not for publication). Kampusnuus reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter (stellenboschuni).*






# 'n Kop vir boekhou

*Shameela Martheze van die US se Afdeling Informasietegnologie is in Junie as die Association of Accounting Technicians SA (AAT) se Wes-Kaapse leerder van die jaar vir 2014 aangewys uit meer as 160 kandidate. Die AAT-kursus vorm deel van die US se PLUS-programme, waardeur personeellede formele opleiding in algemene en finansiële administrasie kan volg.*

**Ek is in 2006 by die US aangestel ...** en sedert 2007 by finansiële en bestuurstelsels betrokke. Die afgelope jaar is ek in 'n nuwe pos by IT, wat telefoonnavrae, versoeke, wysigings, sekere betalings aan verskaffers, asook steun aan ons Hoof, Marinka Naude, behels. Ek is nog in 'n leerproses, so ek geniet dit vreeslik.



**Die AAT-kursus bied 'n mens ...** die geleentheid om die sakewêreld te verstaan: die hoekom en waarom, en nie net rekeningkunde nie. AAT-SA is 'n vennootskap tussen die SA Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters en die Vereniging van Rekeningkundige Tegnici. Hulle bevorder die onderrig, ontwikkeling, regulering en ondersteuning van rekeningkundige tegnici in Suid-Afrika. Die AAT is wêreldwyd bekend en so ook die kwalifikasie. Jy kan aanbly as lid en op hoogte bly van veranderinge in die bedryf.





*Foto's: STEFAN ELS*

**Daar is vyf vlakke van kwalifikasies, ...** van die verwerking van saketransaksies tot finansiële verslagdoening. Ek het Vlak 3 en 4 voltooi en hoop om die volgende vlak ook af te handel. Die meeste van die modules is rekenaar-gebaseerde eksamens wat onmiddellik resultate voorsien, maar ons kursusaanbieder, Johan de Beer, was 24/7 beskikbaar. Ek kon hom naweke bel, al was dit terwyl hy rugby kyk, en hy was altyd bereid om te help.

**Om die kursus en my gesinslewe te balanseer ...** was nogal moeilik, maar sonder my man en ouers se ondersteuning sou ek dit nie kon doen nie. Ons klasgroep het altyd so gespot dat as die kursus verby is, gaan ons nie weet wat om naweke met onsself te doen nie, want vir twee jaar het ons net gewerk en geswot. Ek sal beslis ander personeellede aanbeveel om die AAT-kursus te volg. Dit bied goeie agtergrond van die bedryf en met hierdie kennis kan ek nou prosedures verander, asook 'n begrip hê oor hoekom sekere besluite geneem word.

**My familie is my prioriteit ...** en in vandag se lewe is dit asof hulle deel van jou dagboek moet word as jy hulle wil sien. Ek het gelukkig albei ouers wat my nasorg en my dogter se persoonlike drywer is. My twaalfjarige dogter is maar 'n besige dame – dis óf studeer, óf langs die netbalveld, óf sy neem aan 'n Eisteddfod deel. My man, kind en ouers is die groot rede waarom ek kon studeer – sonder hulle ondersteuning, en natuurlik my *study buddies*, sou dit veel moeiliker gewees het.

● **Vir navrae oor die PLUS-programme, stuur e-pos vir Jan Knight by jkn@sun.ac.za of skakel 021 808 2753.**

# SU chemists Africa's research leaders

The Department of Chemistry and Polymer Science at SU is leading the African pack when it comes to high quality scientific papers published in the top 1% of the world's leading scientific journals during 2014.

This is according to global survey data released by Nature Index 2014 – a unique database that can be used to track down which institutions made the biggest absolute contribution to high-quality scientific research in a field, region or globally.

The Nature Index was compiled by selecting over 57 000 primary research papers from the top 68 scientific journals in the world. These papers were then weighed in terms of how many authors on a paper came from the same institution or country (the article count, or AC) and how many from outside.

The more authors there are from the same institution or country, the higher the score (the so-called weighed fractional count, or WFC), and vice versa.

Seven primary research papers from SU's Department of Chemistry and Polymer Science were included in the Nature Index, with a combined weight count of 6.27. This constitutes 60% of the total contribution from SU and 40% of the total contribution from South Africa. Four of those papers originated from only one research group in the department.

"Our contribution is by far the highest by a chemistry department in South Africa and Africa. This is a clear indication of the quality of the researchers in our department," says Prof Peter Mallon, Head of the Department of Chemistry and Polymer Science.

"If you consider that the Web of Science lists 8 500 of the world's leading scientific and technical journals, and that there are thousands more that are not listed, then you start to appreciate the significance of this achievement."



***AKADEMIE-PRYSE:*** *Vier kundiges van die US is op 24 Junie deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir hul bydraes op hul onderskeie vakgebiede vereer tydens 'n bekroningsgeleentheid in die HB Thom-teater. Hierdie toekennings is tekenend van uitnemendheid, toewyding en harde werk. Die ontvangers is (van links) prof Lizette Rabe, hoogleraar in die Departement Joernalistiek; prof Johan de Villiers en die Libertaskoor; prof Leon Dicks, uitgelese professor aan die Departement Mikrobiologie; en prof Leslie Swartz van die Departement Sielkunde.* *Foto: ANTON JORDAAN*

# Nuwe LaunchLab-kantore word 'lanseer'




*Helen Zille, Premier van die Wes-Kaap, saam met prof Leopoldt van Huyssteen, US-bedryfshoof, by die opening van die LaunchLab se nuwe gebou.*

Die US se sake-inkubator en innovasiekern, die LaunchLab, het na 'n groter perseel verskuif wat voorheen 'n pakhuis naby die Universiteit se Fasiliteitsbestuurgebou in Hammandshandweg was.

Finansiering is van die Departement van Handel en Nywerheid, Nedbank en die Universiteit self ontvang vir die omskep en inrigting van die perseel.

Die gebou, wat as die Nedbank Universiteit Stellenbosch LaunchLab bekend staan, is op 21 Mei ingewy met 'n glansryke geleentheid wat deur 120 gaste bygewoon is. Helen Zille, die Wes-Kaapse premier, was die hoofspreker.

"Groot innovasies spruit uit werklike probleme, waarvan ons in Suid-Afrika heelwat het. Maar hoeveel akademici dink aan die kommersiële toepassings van hul navorsing? Ons moet ons sterkste denkkrag hier hou. Dis waarom dit so 'n welkome inisiatief is," het Zille gesê.

Die LaunchLab bied netwerkgeleenthede, bystand met die ontwikkeling van sakemodelle, mentorskap en bekostigbare huurtariewe in 'n entrepreneursvriendelike omgewing. Die oogmerk is om innovasie en entrepreneurskap 'n hupstoot te gee.

Sedert die stigting van die LaunchLab twee jaar gelede het dié fasiliteit hulp verleen om 50 sakeondernemings en sake-idees in uitvoerbare bedrywe, produkte en dienste te omskep.

Anita Nel, Uitvoerende Hoof van Innovus, het die oorsprong van die LaunchLab soos volg verduidelik: "Die rol van universiteite oor die wêreld heen is aan die verander, en as 'n toonaangewende universiteit in Afrika, sorg die US dat hy tred hou hiermee."

Michael Brown, Uitvoerende Hoof van Nedbank, sê die ondersteuning wat sy maatskappy aan die LaunchLab toegesê het, is in pas met hul leuse om "dinge te laat gebeur".

Prof Leopoldt van Huyssteen, US-bedryfshoof, het nóg 'n tendens in die hoëronderwys uitgewys, naamlik die verskuiwing weg van 'n beperkte klem op studente se akademiese prestasie na 'n meer holistiese benadering tot hul ontwikkeling.

"Die LaunchLab help ons ons studente die beste moontlike kans op sukses in die lewe gee deur hulle toe te rus om dinamiese beroepslui te wees met 'n weetgierige gees."



# US verwyder Verwoerd-gedenkplaat

Die verwydering van die Verwoerd-gedenkplaat uit die Rekeningkunde- en Statistiekgebou (voorheen bekend as die HF Verwoerd-gebou) illustreer die US se erns om 'n verwelkomende kampus vir almal te skep en om struikelblokke in die pad van samehorigheid en vooruitgang te verwyder.

So lui 'n verklaring wat prof Wim de Villiers, US-rektor, op 27 Mei voorgelees het. Lede van die Stellenbosch-gemeenskap asook US-personeel en -studente het dié geskiedkundige geleentheid bygewoon.

Dr Wilhelm Verwoerd, die kleinseun van die voormalige Eerste Minister HF Verwoerd, was 'n spreker by die geleentheid: "Ek hoop opreg dat hierdie seremoniële beëindiging van die verering van pynlike apartheidsimbole aan die US 'n broodnodige boodskap van menslike erkentenis sal oordra, dat die verwydering van die Verwoerd-plaket sodoende 'n klein dog beduidende salwende rol sal vervul binne die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap."

Twee studenteleiers, Farai Mubaiwa en Stefan Laing, het ook by die geleentheid gepraat.

Mubaiwa het gesê: "Vandag is 'n goeie dag – miskien laat, maar steeds 'n goeie dag. Dit is die dag waarop die US menslikheid gekies het. Ons kan nie inklusiwiteit bely maar steeds oorblyfsels van uitsluiting op kampus hê nie."

Laing het gesê die verwydering van sekere elemente op kampus hou 'n verwelkomende atmosfeer vir almal in en dat dit gevier moet word.

De Villiers het met die voorlees van die verklaring benadruk dat die US ernstig is oor transformasie as integrale deel van opvoeding. "Ons verwyder vandag iets van die verlede; laat ons nou saamwerk om die boustene in plek te sit vir die toekoms wat ons vir die Universiteit wil hê."

Die plaket sal voorlopig in die Universiteitsargief gestoor word. Dit is deur De Villiers en Willie Ortell, voormalige Stellenbosch-burgemeester, verwyder en is tydelik vervang met 'n groot plakkaat van die landsvlag waarop die verklaring aangebring is.



*Stefan Laing, SR-voorsitter; Willie Ortell, voormalige Stellenbosch-burgemeester; studenteleier Farai Mubaiwa; en die US-rektor prof Wim de Villiers het die geleentheid bygewoon.* *Foto: ANTON JORDAAN*

# SU professor among the best financial analysts

Prof Stan du Plessis, Dean of the Faculty of Economic and Management Sciences, has been ranked first in the category Innovative Research in the *Financial Mail*'s Ranking the Analysts 2015 survey. In addition to his position as Dean, Du Plessis works part-time as an economist for Prescient Securities.

The *Financial Mail*'s ranking, now in its 38th year, recognises the most successful analysts in the financial industry in South Africa.

The rankings and other results are drawn from a confidential questionnaire process conducted with the domestic institutional clients of South African stockbroker firms.

The scope of the survey was expanded this year, and questionnaires were completed by 52 (38 in 2014) institutional respondents, including asset managers, life insurance companies, some wealth managers and hedge funds. According to the information submitted, the respondents manage a total of R5,8 trillion in domestic assets.



*Prof Stan du Plessis*

# Universities join forces to promote dialogue

SU's School of Public Leadership (SPL) has joined the International Development and Public Policy Alliance (IDPPA), a network of eight universities in emerging countries committed to the advocacy, championing, research and dissemination of progressive public policy and praxis.

According to Dr Firoz Khan, Senior Lecturer at SPL, the School aims to promote South-South dialogue "in order to contribute to and nurture new and alternative platforms for (global) public policy and policy research". This is in line with the objectives of the University, the Faculty and SPL, he said.

The theme of the last IDPPA conference was "Public Policymaking in a Globalized World", with special emphasis on public policy education and training. The papers delivered at the conference were published in book format by the IDPPA in collaboration with the Istanbul Policy Centre of Sabanci University in Turkey.

Included in the publication is a joint paper by Prof Pregala Pillay and Khan (Public Policy and Corruption in a Globalised World: Case Studies from South Africa and Rwanda), and a paper by Khan (The Case of Housing Policy in the 'New' South Africa (circa 1992-2003)).

# Fondse bevorder navorsing in Afrikaans en isiXhosa

Prysgeld van R500 000 sal van aanstaande jaar gesamentlik deur Het Jan Marais Nationale Fonds (HJMNF), die US en Naspers toegeken word aan 'n akademikus of navorser wat in Afrikaans werk en sodoende die taal se aansien as wetenskap- en akademiese taal uitbou.

Daarby gaan die US ook 'n fonds skep vir die ontwikkeling van isiXhosa as vaktaal.

Die Jan H Marais-prys, die grootste van sy soort vir Afrikaans, is op 30 Mei deur prof Andreas van Wyk, voorsitter van die HJMNF, bekendgestel by 'n dinee waar die 100-jarige bestaan van die Fonds gevier is.

"Hierdie prys sal akademiese werk en publikasies op hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans bekroon," het Van Wyk gesê.

Hy het verduidelik die saadjie vir die prys is deur prof Wim de Villiers, US-rektor, geplant.

"Ná sy aanwysing as US-rektor verlede jaar, het hy in 'n onderhoud gevra waar die ondersteuning van buite



*By die HJMNF-dinee was prof Andreas van Wyk (naaslinks), Fonds-voorsitter; sy vrou, Magdaleen (heellinks); Ton Vosloo (naasregs), uittredende voorsitter van Naspers; en sy vrou, Anet Pienaar-Vosloo.*
*Foto: ANTON JORDAAN*

is vir die ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal.

"Hy het daarop gewys finansiële aansporing kan nie net van die Universiteit af kom nie. Hierdie prys is 'n reaksie op sy uitdaging," het Van Wyk gesê.

Beoordeling sal gedoen word deur 'n komitee van plaaslike en internasionale akademici en wetenskaplikes wat jaarliks deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns saamgestel word. Die eerste oorhandiging sal op 26 Mei 2016 in Stellenbosch plaasvind.

Werk in alle dissiplines binne en buite Suid-Afrika kan genomineer word.

Die US se isiXhosa-fonds beloop R150 000 en sal jaarliks toegeken word vir die ontwikkeling van dié taal in die akademie. Die toekenning is aanvullend tot die werk wat reeds deur die Universiteit gedoen word om isiXhosa te bevorder. Die volledige kriteria sal deur die loop van die jaar bepaal word.

## SU staff to spring into action for Casual Day 2015

This year, Casual Day, an initiative of the National Council for Persons with Physical Disabilities in South Africa, celebrates its 21st birthday with the theme "Spring into Action". Casual Day will be held on Friday, 4 September.

In line with the theme, SU has tasked the Disability Unit at the Centre for Student Counselling and Development and AfriNEAD (African Network-of-Evidence-to-Action), the research department based at the Centre for Rehabilitation Studies at the Tygerberg Campus, to spearhead the campaign.

As part of this campaign, a few students will write media articles about their experiences on campus in order to raise awareness around different disabilities.

Sporting activities are planned on the Tygerberg and Stellenbosch campuses, where Boccia and goalball will be played at a competitive level.

Disability Talk Shops will be held in the first week of September, during which topics such as the employment of people with disabilities, universal design, disability inclusion and access will be discussed. Movie nights are also planned for both the Tygerberg and Stellenbosch campuses.

This week will culminate in a lunch-time Casual Day event on 4 September, where SU Rector Prof Wim de Villiers will speak, as well as a motivational speaker, Russel Vollmer.

● Casual Day stickers are available from the Human Resources Department in Admin C at R10 per sticker.

# Dr Jerome Slamat joins Rector's Office



*Dr Jerome Slamat*

Dr Jerome Slamat has been seconded to the Rector's Office. He will report directly to the Rector, Prof Wim de Villiers, and will be responsible for the optimal functioning of that office.

Over the next six months, Slamat will have the opportunity to give intrinsic content to this position and determine the scope and responsibilities. The position will then be evaluated formally before a permanent appointment is made.

"Dr Slamat is familiar with the academic and support service environments at SU and will make a valuable contribution in ensuring the effective and smooth functioning of the Rector's Office," De Villiers said.

The appointment comes after De Villiers's first two months in the Rector's chair during which he has given careful consideration to the content of the Institutional Intent and Strategy (IIS) and the Institutional Plan (IP), and the demands this will place on the Rectorate going forward.

"Greater diversity is one of SU's four strategic focus areas and transformation one of the strategic management indicators in the IP. Transformation has been embedded in a management responsibility and we will approach it systemically," De Villiers said.



# USA conference inspires SU staff

Four academics from SU's Faculty of Education, Prof Lesley Le Grange, Prof Chris Reddy, Distinguished Prof Yusef Waghid, and Dr Nurhaan Davids, recently attended the American Educational Research Association (AERA) 2015 conference in Chicago.

Up to 20 000 education scholars from across the world attended this conference and it is arguably the largest in the field internationally.

The American-Canadian scholar and cultural critic Prof Henry Giroux received the Outstanding Scholar Award for his work in critical theory and pedagogy at the conference. He has also been recognized as and included in the list of the most influential modern thinkers in the field of education in the 20th century.


One of the presentations he was involved in was a critical dialogue at the Paulo Freire/Critical Theory special interest group meeting. Contemporary issues facing and threatening the American education system and the impact it has on the lives of children and communities they live and grow up in, was discussed.

Freire is the author of the book *Pedagogy of Hope*, the original inspiration for the idea behind SU's HOPE Project.

This body of work, especially that of Freire and Giroux, has also been part of the scholarship of academics at Stellenbosch who work in critical education and the HOPE Project.



*Pictured here with Distinguished Prof Henry Giroux (left) at the special dialogue session are SU's Prof Lesley Le Grange, Prof Chris Reddy, Distinguished Prof Yusef Waghid, and Dr Nurhaan Davids.*




*Die bekroonde akteur Marius Weyers (regs) en sy vrou, Evette, bekende beeldhouer, was op 12 Junie die gaste by die Woordpret-geleentheid van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) by Bellevue. Die twee gaste het oor hul onderskeie loopbane as kunstenaars gesels en het interessante vrae aan mekaar gevra, asook vrae uit die gehoor beantwoord. By hulle is dr Willem Botha, Hoofredakteur van die WAT.* *Foto: ANTON JORDAAN*

## Ma's, babas baat by nuwe eenheid vir kritieke sorg

"In Suid-Afrika sterf daar jaarliks 1 600 vroue tydens swangerskap en bevallings, en tien keer meer pasiënte ontwikkel erge komplikasies wat tot breinskade, nierversaking en ander probleme kan lei," sê dr Eduard Langenegger, Hoof van Kritieke Sorg in Verloskunde en Moeder-Fetus Geneeskunde in die Departement Verloskunde en Ginekologie aan die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

In 20% van gevalle, sê hy, kon sterftes vermy word indien daar nie 'n tekort aan beddens in kritieke sorg in Suid-Afrika was nie.

Die nuwe kritiekesorgeenheid (OCCU) in die kraamsaal by die Tygerberg-hospitaal is een van slegs 'n paar ter wêreld wat spesialiseer in die voorkoming en behandeling van komplikasies tydens swangerskap.

Die werk wat in die eenheid gedoen word, is in lyn met die Millennium-ontwikkelingsdoelwit om moedersterftes te verminder – moedersterftes is een van Suid-Afrika se mees dwingende gesondheidskwessies.

Komplikasies tydens swangerskap word veroorsaak deur preëklampsie (baie hoë bloeddruk), bloeding voor, gedurende of ná 'n bevalling, infeksies en onderliggende probleme soos hartsiektes.

Die vestiging van hierdie kritieke sorgeenheid in Tygerberg-hospitaal se kraamsaal het alreeds gelei tot 'n aansienlike afname in moedersterftes te wyte aan swangerskap en nie-swangerskap verwante lewensbedreigende noodgevalle.

"Erge komplikasies verhoog 'n pasiënt se risiko om te sterf met 25%, maar as sy vroeë toegang tot kritieke sorg het, neem haar kans om te sterf aansienlik af," sê Langenegger.

Hy en sy kollegas het ook 'n OCCU-bloudruk ontwikkel wat in ander distriks- en tersiêre hospitale geïmplementeer kan word, en tans werk hulle aan die daarstelling van noodsorgbeddens in die Worcester-hospitaal se kraamsaal.

# Looking into the future

*Futurist and economist Prof André Roux will soon hand over the baton of Director of the Institute for Futures Research (IFR) based at SU's Business School. HEINDRICH WYNGAARD spoke to him about the past and what lies in his future.*



*Prof André Roux* *Photo: HEINDRICH WYNGAARD*

If you ask Prof André Roux, as people often do, what the future holds, he responds with a standard answer: "What would you like the future to look like?"

The rationale behind this, he explains, is that no one can predict the future, but that everyone can certainly plan for it. Perhaps that is why he always strikes attendees at his lectures or presentations as surprisingly optimistic.

It is also because of his lively style of presenting – challenging and provoking his students and audiences – that Roux has become a "celebratory professor". USB's Facebook posts and tweets about Roux often go viral under current students and alumni.

For Roux, it is simply a matter of living out his interest in humanity, specifically South Africa and Africa, his passion for futures research as an academic field, and his appreciation of systems thinking.

Throughout his 20 years at the IFR, 19 of which he spent as director, he has been able to "plough back" his academic work into society and the corporate world by interacting with hundreds of organisations. Now he is ready to pursue different kinds of activities as he is "redeployed" within the broader business school and university environment.

"The idea is that I will still do presentations and continue with economic research for the Institute. But, at the same, I will move a little closer to the USB [as an Associate Professor in Economics] and USB-Executive Development. So in that sense it is a shifting of the boundaries rather than a total withdrawal from the institution."

What does he regard as some of the meaningful developments over the past 20 years?

"First of all, if you think about it, 20 years more or less coincides with the country's own transformation. It was very exciting, at times less exciting and sometimes disappointing to be part of the past 20 years of societal, political and economic change – and then running an institute with a number of corporate and government clients.

"We've actually been part of the country's metamorphosis. What has been encouraging is that about 15 years ago we had barely 40 corporate clients; we now have more than 100. This is suggesting that a growing number of South African organisations realise the need for a more meaningful understanding of the future and how futures may unfold."

Most encouraging to Roux these days, at least on paper, is the National Development Plan.

"The NDP falls wholeheartedly within the ambit of what the Institute is trying to put across, which is the need for longer term planning," he says.

Another highlight for him was the introduction in 1998 of the MPhil programme in Futures Studies, and more recently the Postgraduate Diploma in Futures Studies. This remains the only such academic offering on the African continent and one of a few globally, which puts the USB at the forefront of this field.

"Change is very rapid," says Roux. "Planning for that change, therefore, becomes a crucial component of an organisation's survival, but preferably also its prosperity."



# Slim tegnologie help studente

*Met die Mobilex- drietalige woordeboek vul die Fakulteit Opvoedkunde die leemte van 'n opgedateerde vakwoordeboek – en studente kan dit sommer op hul selfone gebruik. PIA NÄNNY vertel meer.*

In 'n poging om taalondersteuning aan veral eerstejaarstudente te bied en só akademiese geletterdheid te bevorder, het die Fakulteit Opvoedkunde onlangs 'n drietalige webgebaseerde vakwoordeboek bekendgestel.

Die Mobilex-woordeboek bied aan studente die geleentheid om op hul selfoon na die definisie van 'n woord te soek in enige van drie tale: Afrikaans, Engels en isiXhosa. Die woordeboek gee die term in al drie tale, asook 'n kort vakspesifieke definisie in die voorkeurtaal.

Hierdie elektroniese drietalige woordeboek verskaf tans die vertaling vir terme in Wiskunde (grondslagfase), Sosiale Wetenskappe en Kurrikulumstudie.

Volgens dr Michele van der Merwe van die Departement Kurrikulumstudies, wat aan die hoof van die projek staan, vul hierdie woordeboek 'n belangrike leemte. Daar is geen opgedateerde vakwoordeboek vir opvoedkunde nie, en dié wat daar is, is nie so maklik toeganklik nie.

Nou kan studente met die druk van 'n paar knoppies op hul selfoon na die definisies van woorde waarmee hulle sukkel of wat vir hulle onbekend is, soek.

"Hoe beter jou woordeskat, hoe beter is jou akademiese skryfvaardighede. Dit dra by tot konsepontwikkeling," sê Van der Merwe.

Die projek is oorspronklik deur prof Christa van der Walt van die Departement Kurrikulumstudies geïnisieer, en is gesteun deur prof Arend Carl, Visedekaan (Onderrig) in die Fakulteit Opvoedkunde, as deel van die Fakulteit se plan om taalondersteuning aan studente te lewer en só eerstejaarsukses te verhoog. Dit val ook onder die breër sambreel van die gemengde-leer-programvernuwingsprojek in die Fakulteit.

As leksikograaf het Van der Merwe die projek oorgeneem. "Ons het navorsing gedoen onder studente om uit te vind wat hul behoeftes is. Bykans almal het gesê hulle wil so 'n woordeboek hê, en genoem vir watter vakke hulle dit wil hê."

Daar is al ongeveer 400 woorde in die woordelys, en dit word steeds bygewerk.

Dit was nogal 'n proses om die terminologie in die hande te kry, sê Van der Merwe. Hulle moes byvoorbeeld eers die belangrikste terme identifiseer waarmee studente sukkel en wat dosente reken die belangrike terme is wat studente moet ken.

"Dit was ook 'n uitdaging om kort, bondige, eenvoudige definisies saam te stel. Ons moet onthou die studente ken nie die terme nie en weet nie hoe om dit te gebruik nie."

Die ontvangs van die Mobilex- drietalige woordeboek was baie positief.

"Die terugvoer wat ons ontvang het, is dat dit gebruikersvriendelik en nuttig is. Studente gebruik dit in die klas, terwyl hulle hersiening doen en terwyl hulle studeer. Moedertaalsprekers van al drie taalgroepe het gesê hulle kan dit gebruik," sê Van der Merwe.



*Die Mobilex- drietalige selfoonwoordeboek verskaf definisies van moeilike vakterme vir studente in die Fakulteit Opvoedkunde. Foto: STEFAN ELS*

# 'n Nuwe baadjie vir SSVO

*Die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) het 'n nuwe baadjie aangetrek wat hom meer vaartbelyn maak. PIA NÄNNY berig.*



*Terapeut Elmarie Kruger (regs) tydens 'n terapiesessie.* *Foto: JUSTIN ALBERTS*

Vanjaar het die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO), onder leiding van sy Direkteur, dr Munita Dunn-Coetzee, met 'n nuwe oog na dienslewering gekyk en besluit om 'n nuwe baadjie aan te trek.

In die verlede het die SSVO uit vier kantore bestaan; nou bestaan dit uit vier eenhede waarvan die name aangepas is om die spektrum van dienste wat gelewer word, sterker te omskryf. Dit bied die geleentheid vir sterker ontwikkeling binne elke eenheid.

## Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling *(Unit for Academic Counselling and Development)*

Hierdie eenheid (in kort EAVO) lewer 'n ontwikkelingsgerigte diens wat fokus op die akademiese uitdagings wat studente mag ervaar. Die eenheid bestaan uit drie voltydse opvoedkundige sielkundiges en 'n psigometris. Die eenheid bied individuele sessies, sowel as werkwinkels oor studiemetodes, doeltreffende tydsbestuur, stresbestuur tydens toetse en eksamens en denkvaardighede aan. 'n Loopbaanvoorligtingsdiens word aangebied vir studente wat onseker is oor hul keuse van studierigting. Dié eenheid se doel is om Maties te help om hul volle potensiaal te bereik.

## Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste *(Unit for Graduate Career Services)*

Die Loopbanekantoor is nou die Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste (EGL). Die naamverandering help onder meer om verwarring met die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies, wat primêr daarop ingestel is om voornemende studente te bedien, uit die weg te ruim. Hoewel die EGL alle Maties bedien, is hul dienste veral daarop gerig om finalejaarstudente voor te berei vir die wêreld van werk. Hierdie taak vind plaas via verskeie loopbaandienste, onder meer werkswinkels oor die skryf van 'n CV of dekbrief, e-werkwinkels, jaarlikse werwings- en loopbaanontwikkelingsprogram (uitstallings, aanbiedings, ens.), bestuur van die loopbaanportaal en individuele gespreksessies oor loopbaanontwikkeling. Die eenheid se doel is om Maties af te lewer wat hul plek in Suid-Afrika en die wêreld kan volstaan.

## Eenheid vir Psigoterapeutiese en ondersteuningsdienste *(Unit for Psychotherapeutic and Social Services)*

Die Afdeling vir Terapie en Persoonlike Ontwikkeling (APTO) se naam het miskien verander na die Eenheid vir Psigoterapeutiese en Ondersteuningsdienste (EPO), maar hy bied steeds dieselfde bystand. Die diens is gratis en op kampus: by Victoriastraat 49 op die Stellenbosch-kampus en in die Kampusgesondheidkantoor op die Tygerberg-kampus. Die EPO bied 'n 24-uur-krisisdiens, individuele terapie, groepterapie, maatskaplike dienste en werkwinkels (persoonlike ontwikkeling). Die terapiedienste bied aan studente hulp in verband met hul emosionele en sielkundige welstand. Die maatskaplike werker bied bystand, leiding en berading aan individuele studente wat sukkel weens sosio-ekonomiese omstandighede. Die eenheid het ook 'n siftingsdiens geïmplementeer sodat studente met ernstige emosionele probleme so gou moontlik geassesseer en bygestaan kan word. Die eenheid verhoog dus studente se emosionele en sielkundige welwees.

## Eenheid vir Gestremdhede *(Disability Unit)*

Personeellede in dié eenheid, voorheen bekend as die Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoeftes, werk in die Braille-afdeling of met ander studente met gestremdhede en spesiale behoeftes. Hul hooftaak is om te bepaal hoe studente met spesiale leerbehoeftes redelikerwys geakkommodeer kan word, gegewe hul gestremdhede. Studente nader hierdie eenheid gewoonlik wanneer hulle spesifieke leerprobleme, uitdagings in terme van beweging, probleme met sig of gehoor, gesondheidsprobleme of sielkundige probleme wat hul leerbehoeftes direk beïnvloed ervaar.



# Weg met stompies!

*'n US-personeellid, Roelof Loubser, het 'n veldtog teen die rondstrooi van sigaretstompies van stapel gestuur. DESMOND THOMPSON het meer gaan uitvind.*

Sigaretstompies lyk dalk klein en onskadelik, maar gesamentlik veroorsaak hulle 'n reusagtige besoedelingsprobleem wat die omgewing skaad en baie kos om skoon te maak.

Só verduidelik Roelof Loubser, Mobiliteitsbestuurder van die US wat in sy private hoedanigheid 'n organisasie teen stompierommel, genaamd Buttwhynot, gestig het.

"Wêreldwyd word jaarliks sowat 5,6 triljoen sigarette gerook. In Suid-Afrika is die amptelike syfer 30 miljard, en maklik nóg soveel onwettige sigarette. Van die stompies wat oorbly, eindig na raming 'n derde in openbare ruimtes op. Dit beteken ongeveer 20 miljard stompies word jaarliks in ons land gestrooi, wat 'n groot probleem is," sê Loubser.

"Verreweg die meeste stompies is van filtersigarette afkomstig, en filters bestaan hoofsaaklik uit selluloseasetaat-vesels, wat basies maar 'n soort plastiek is, en dus nie bio-afbreekbaar nie. Boonop bevat stompies gifstowwe afkomstig van tabak. Stompies wat rondlê, word weggespoel as dit reën, en eindig in riviere, damme en die see op."

> *"Ek kyk na die moontlikheid om die plastiek in stompies te herwin. Dit kan gebruik word om nuttige produkte te vervaardig, en in die proses kan werk geskep en die ekonomie gestimuleer word. Dit maak my baie opgewonde."*

Op Buttwhynot se Facebook-blad word verwys na navorsing deur prof Tom Novotny van San Diego State University in Amerika. Hy het bevind 'n enkele sigaretstompie wat in 'n liter water geweek word, genoeg gifstowwe vrystel om visse wat in die water geplaas word, binne vier dae dood te maak.

"Ek wonder al vir jare wat ons kan doen met al die stompies wat so rondlê. Ek het navorsing begin doen en hoe meer ek gelees het hieroor, hoe meer het ek besef hoe groot die probleem eintlik is. Ek wil mense hiervan bewus maak sodat hulle nie so mors nie.

Op 'n Saterdagoggend in Oktober verlede jaar het Loubser eiehandig binne minder as twee uur 2 801 stompies rondom die Ingenieurswese-gebouekompleks opgetel. En in Januarie het koshuisstudente van Irene, Simonsberg, Erica en Huis Marais binne 90 minute 23 000 stompies rondom die Neelsie opgetel.

Wat doen 'n mens met soveel stompies?

"Ek kyk na die moontlikheid om die plastiek in stompies te herwin. Dit kan gebruik word om nuttige produkte te vervaardig, en in die proses kan werk geskep en die ekonomie gestimuleer word. Dit maak my baie opgewonde," sê Loubser.

Hy het groot planne vir sy veldtog teen sigaretstompies.

"Ek begin hier op die kampus en die res van Stellenbosch, want dis waar ek woon en werk. Die burgemeester, Conrad Sidego, het aangedui die munisipaliteit stel belang, en binne die Universiteit kry ek ook steun. As alles goed gaan, kan ons uitbrei na ander dele van die land en selfs die buiteland, want stompies is oral 'n probleem."

Loubser, wat self al gerook het, vra dat rokers die omgewing sal respekteer en nie hul stompies rondstrooi nie. "Dis nie soseer 'n veldtog teen sigarette nie, hoewel rook baie sleg vir jou gesondheid is. Dis eerder 'n veldtog teen 'n voorkombare vorm van besoedeling."

● Loubser beoog nog skoonmaaksessies op kampus en in die dorp en omgewing, maar het vrywilligers nodig om te help. Om betrokke te raak of die veldtog op ander maniere te steun, stuur e-pos aan rloubser@gmail.com, of volg Buttwhynot op Facebook en Twitter.



*Roelof Loubser by 'n sak vol sigaretstompies.* *Foto: STEFAN ELS*

# Celebrating 15 years of music



*Profs Nina Schumann and Luis Magalhães*

This year, Profs Luis Magalhães and Nina Schumann of SU's Music Department celebrate their 15-year-long partnership as the piano duo TwoPianists. Besides a concert in the Endler Hall on Saturday 8 August, the husband-and-wife duo will go on a country-wide tour as part of the celebrations.

While on tour the duo will also launch their latest album, *American Intersections*. The CD's name is particularly apt because Magalhães and Schumann met while both were students in America, and they have since performed as a piano duo.

In 2014, TwoPianists assumed the role of Yamaha International Artists, reflecting their growing prestige in the musical world. For this reason, they will travel with two Yahama pianos to each of the eleven venues during their South African tour.

A native of Portugal, Magalhães received his first formal piano tuition at the age of five, while Schumann was born and raised in Stellenbosch and studied piano with Lamar Crowson and Vitaly Margulis. The two met while students of Vladimir Viardo at the University of North Texas.

"We know time flies, but these 15 years have passed so quickly. We have been blessed with a relationship based on mutual respect and admiration for each other's musicianship and work ethics. Our two wonderful kids also don't let us take ourselves too seriously! This is a perfect recipe for 15 more years of music making," says Magalhães and Schumann.

TwoPianists has been compared to the fabled piano duos of Ashkenazy-Previn and Argerich-Freire by the *American Record Guide*.

The programme for their Endler Hall concert will feature the works on their *American Intersections* album. These included music by American composers such as Samuel Barber, Aaron Copland and John Adams.

● Tickets for the concert are available from Computicket.



Hier is 'n paar dinge om dié maand op jou doen-lysie te plaas: 'n boek oor die weldoener Jannie Marais het onlangs verskyn, die kontratenoor Christopher Ainslie en kitaarspeler Peter Narun tree in die Endlersaal op, of geniet middagete by The Open Kitchen.

## Etenstyd

Vir 'n klein restaurant het The Open Kitchen, geleë op die hoek van Plein- en Andringastraat, nogal 'n uitgebreide spyskaart. En as die disse daarop nie in jou smaak val nie, hoef jy net aan die sjef te sê waaraan jy graag wil smul, en hy sal dit probeer maak.

Diegene sonder fiemies het tog oorgenoeg om van te kies. Selfs die ontbytspyskaart het heelwat geregte – van roereiers tot croissants. As jy nie lus is vir Eggs Benedict nie, of gewone spek en eiers is te vervelig, kan jy jou eie ontbyt saamstel uit 'n lys bestanddele.

Vir middagete is daar heerlike slaai – én boonop 'n steak, eier en skyfiesslaai vir dié wat die illusie van 'n gesonde maaltyd wil voorhou.

Hul mini-burgers is 'n slim idee as jy sukkel om te besluit. Andersins kan jy die pasta, tuisgemaakte pasteie of toebroodjies geniet.

Loer gerus in – die sjef waarborg dis 100% tuisgemaak.




## Luister

Die Suid-Afrikaanse kontratenoor Christopher Ainslie, wat al in operahuise regoor Europa opgetree het, lewer vandeesmaand 'n uitvoering in die US se Endlersaal. Hy tree op saam met die Kaapse kitaarspeler Peter Narun in 'n program van interessante musiek vir sang en kitaar.

Ainslie is in Kaapstad gebore en het in 'n musikale huis grootgeword. Hy het lesse in altviool en klavier geneem, en was ook 'n lid van die St. George-katedraal se seunskoor onder leiding van Barry Smith.

Ten einde sy koorsang te verbeter, het Ainslie begin sanglesse neem by Sarita Stern aan die Universiteit van Kaapstad, waar hy 'n BComm-graad verwerf het.

Terwyl Ainslie in Brittanje gewerk het, het hy besluit om sy musiekopleiding ernstig op te neem en het daarom sang begin studeer onder Mark Tucker aan die Royal College of Music in Londen.

Ainslie het vinnig opgang gemaak en in 2007 het hy die Michael Oliver-prys ingepalm by die jaarlikse Handel-sangkompetisie wat deur die London Handel Festival aangebied word. In 2008 was hy ook die eerste kontratenoor om die Richard Tauber-kompetisie in Londen se Wigmore Hall te wen.



*Foto: DENIS JOUGLET*

Deesdae tree hy in oratoriums, operas en konsertuitvoerings regoor Europa en ook in Kaapstad op. Sy repertorium sluit in die alt-arias in JS Bach se Matteus-passie, Kersfeesoratorium en Mis in B Mineur, asook Handel-oratoriums soos *Saul*, *Theodora* en *Belshazzar*.

Narun het sy BMus-graad aan die Universiteit van Kaapstad verwerf, waarna hy nagraads aan die Universiteit van KwaZulu-Natal gestudeer het.

Hy het in 2010 sy debuutalbum, *Origin*, met werke vir klassieke kitaar bekend gestel.

Hy het al in talle konserte en musiekfeeste in die Kaap opgetree, waaronder die Kaapstadse Konsertreeks en die Voorkamerfees op Darling.

Ainslie en Narun tree op Sondag 16 Augustus om 16:30 in die US se Endlersaal op. Kaartjies is by die deur of Computicket beskikbaar.

## Lees

Die boek *Nalatenskappe sonder einde: Die verhaal van Jannie Marais en die Marais-broers* deur die geskiedkundige prof Pieter Kapp is onlangs uitgegee.

Dit skets onder meer die lewe van die weldoener Jannie Marais, wie se beeld op die US se Rooiplein staan, en oor wie se lewe daar tot onlangs 'n uitstalling, *Jannie Marais. Die man. Sy erflating*, in die US-biblioteek was.

Die boek is tydens 'n dinee deur Het Jan Marais Nationale Fonds (HJMNF) bekend gestel. Dié geleentheid is op 30 Mei gehou ter ere van Marais wat 100 jaar gelede dood is en ter viering van die HJMNF se 100-jarige bestaan.

Die uitstalling in die US-biblioteek het uitgebeeld hoe die diamantstormloop van die laat 1800's ook 'n impak op Stellenbosch en die Universiteit gehad het. Dié koors het ook die vier jong Marais-broers van die plaas Coetzenburg op Stellenbosch beetgepak, en in 1871 het Pieter, Abraham, Christiaan en Jannie Marais na die Vaalrivier getrek in die hoop om rykdom te vind.

Hoewel die Marais-gesin Coetzenburg besit het, was hulle nie besonder welvarend nie. Die broers was vir 20 jaar op die diamantvelde voordat Jannie in 1890 na Stellenbosch teruggekeer het. Hy was toe 'n gesiene man met verskeie sakebelange en 'n stewige bankbalans.

Marais het hom vinnig onderskei as 'n leidende figure op Stellenbosch. Hy het onder meer £30 000 as aandelekapitaal beskikbaar gestel vir




die stigting van Nationale Pers Beperkt en die koerant *De Burger*. Hy het in sy testament £100 000 nagelaat vir die stigting van die Universiteit Stellenbosch uit die Victoria Kollege. In vandag se terme is hierdie bedrag R100 miljoen werd.

Hy het voorts voorsiening gemaak vir die totstandkoming van die HJMNF, wat vandag steeds jaarliks miljoene rande aan skole, welsynorganisasies, kunstefeeste en ander kuns- en kultuurprojekte skenk.

Die boek word deur Tip Africa Publishing uitgegee en is by vooraanstaande boekwinkels beskikbaar, besoek www.tipafrica.co.za of stuur e-pos na design@tipafrica.co.za.

# Surviving trauma

*Most people experience a traumatic event at some point in their life. But there are ways to cope with the effects of trauma. By SONIKA LAMPRECHT*

If you have gone through a traumatic experience, you might struggle with feelings of fear, anger or guilt. Or you might be suspicious of people, feel disconnected and struggle to concentrate.

But what exactly is trauma and when should one seek help? And how can you be of help to colleagues, family and friends?

Trauma is the result of any event that causes unusually strong emotional reactions that have the potential to interfere with the ability to function normally. Often strong emotional or physical reactions can appear immediately, but sometimes it only starts days, weeks or even months after the traumatic event.

A few of the many signs and symptoms of trauma are:

**Physical:** Fatigue, chest pain, headaches, muscle tremors, rapid heart rate, difficulty breathing, shock symptoms.

**Cognitive:** Confusion, nightmares, uncertainty, suspiciousness, intrusive images, poor attention or memory, disorientation of time and place, heightened or lower alertness.

**Emotional:** Grief, panic, denial, anxiety, irritability, depression, emotional outbursts, feeling overwhelmed, loss of emotional control.

**Behavioural:** Withdrawal, antisocial acts, inability to rest, erratic movements, change in speech patterns, increased alcohol consumption.

These symptoms may last a few days, weeks, months or even longer, depending on how severe the traumatic event was. Sometimes professional assistance is necessary to help someone deal with trauma. This is not a sign of "being crazy" or weak, it simply indicates that the particular event was too powerful for the person to deal with by themself.

Stellenbosch University has certain trauma counselling services. For more information, contact 021 808 4994.

### Coping with trauma – what you can do:

- Moderate exercise will alleviate some of the physical reactions.
- Keep busy.
- Talk to people; talking is a healing medicine.
- Reach out, because people do care.
- Maintain as normal a schedule as possible.
- Keep a journal.
- Do things that you enjoy.
- Do not make any big life changes.
- Get plenty of rest.
- Do not try to fight recurring thoughts, dreams or flashbacks – they are normal and will decrease over time.
- Eat well-balanced and regular meals (even when you don't feel like it).

### How can you help someone suffering from trauma:

- Listen carefully.
- Offer your assistance and a listening ear if he/she has not asked for help.
- Reassure him that he is safe.
- Give her some private time.
- Do not take his anger or other feelings personally.
- Help with everyday tasks such as cleaning, cooking and minding children.

*Source:* International Critical Incident Stress Foundation







# Driving research for society

*One of SU's key strategic priorities is to do research which has an impact on society. As part of his new position, Mawethu Nyakatya will make sure communities and the University take hands to address societal issues.*

With one eye on the Division for Research Development and the other on the Division for Community Interaction, Mawethu Nyakatya is a matchmaker: He facilitates the interaction between researchers at Stellenbosch University (SU) and community members who have identified certain research questions.

Nyakatya's role involves establishing new and fostering existing partnerships between the University and external social partners, such as government, business, and civil society, as well as identifying community research opportunities and linking these with the University's research expertise.

"SU has a world-class research and development system which has produced a number of distinguished researchers and ensured quality research outputs in the form of research papers and products. This output has enriched the world of science and the global community," says Nyakatya.

"The University strives to be locally relevant and local communities should have the benefit of SU's research capabilities to address pressing challenges facing them. Hence, additional attention is being given to the University's ability to respond to research opportunities in the surrounding communities."

In this regard, SU established the position of Manager: Community-based Research within the Division for Community Interaction. This role supports community-university research partnerships which aim to empower local people to shape the future of their communities. Nyakatya, who previously held the position of Coordinator: Research Partnerships and Communication in the Division for Research Development, was the perfect fit.

He is currently managing the project of creating an online tool where community members can enter their needs and where researchers can look for possible research opportunities.

"Everyone benefits. The research will be useful to the communities while it creates opportunities for student training and the gathering of information that could lead to the publication of articles. It also gives students the chance to apply their knowledge in real-life situations."

Examples of this include the Department of History assisting residents of Kayamandi with writing their own history. Another example is the Water Institute's involvement in a water project in the Hessequa municipality.

"SU doesn't give financial support to projects, but it can offer support in the form of knowledge-sharing. Collaborative research between universities and local communities has been proven to improve decision-making, create a shared sense of ownership and belonging, and ultimately strengthen the socio-economic vibrancy of communities.

"Furthermore, universities as public institutions have a three-pronged reason to exist namely teaching and learning, research and community interaction. And the best way for a university to engage civil society is on the basis of its teaching and learning, and research expertise (engaged scholarship)," Nyakatya says.

Until the online tool is available, a database of community research opportunities (follow the links on www.sun.ac.za/ci) has been developed and is available on the University website as a resource for academics and students who wish to pursue research that responds to challenges as identified and experienced by SU's neighbouring communities.

This database is adapted continuously to reflect the research interests of the University and those of external communities.

● Contact Nyakatya on 021 808 9142 or nyakatya@sun.ac.za.



*Mawethu Nyakatya* *Photo: STEFAN ELS*



*Prof Michele Miller of the Department of Biomedical Sciences in the Faculty of Medicine and Health Sciences delivered her inaugural lecture on Tuesday, 23 June. The title of her address was* "Tuberculosis in South African wildlife: Why is it important?". *Pictured with Miller are Profs Jimmy Volmink, Dean of the Faculty of Medicine and Health Sciences, and Eugene Cloete, Vice-Rector (Research and Innovation).*

Photo: WILMA STASSEN



*SU's Faculty of Theology recently donated 297 chairs to St Columba Anglican Church in Gugulethu. These chairs were in the Attie van Wijk Auditorium at the Faculty. The donation followed conversations between Rev Liena Hoffman, Faculty Manager, and Nobuhli Somi, Head of the Intsika Yolwazi (pillar of knowledge) Reading Room in Gugulethu and an active member of St Columba Anglican Church.*




APPROVED FINANCIAL SERVICES PROVIDER FSP NO. 43837

CS ASSET MANAGEMENT
Actively Managing Funds

Ons kan die waarde van jou beleggings **optimaliseer** met ons ervare en gesoute span fondsbestuurders. Ons **bestuur** jou fondse en beleggings - ons doen **daagliks** navorsing en **konsekwente** risiko-assessering; die volledige **kwartaallikse** terugvoering hou elke kliënt op datum met algemene nuus en persoonlike state. Jou beleggingsportefeulje is dus geïntegreerd en deursigtig met aktiewe bestuur en groei.

**Kontak ons by 021 887 3360 of info@csassetmanagement.co.za.**

www.csassetmanagement.co.za




*'n Ete is op 11 Junie in Johannesburg gehou waar sowat 110 alumni, donateurs en vriende van die US bymekaargekom het. Dit is deur die lewensversekering- en batebestuurmaatskappy Liberty geborg, en het die US-rektor, prof Wim de Villiers (naaslinks), die geleentheid gegee om alumni en potensiële donateurs te ontmoet. Hier is De Villiers saam met (van links) die US se Hoofdirekteur: Sport, Ilhaam Groenwald, en vriende van die US, Mano Moodley en sy vrou, Jayesh.*

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### TE KOOP / FOR SALE

**Toga te koop:** Swart toga (nuut R2 500), graadband, fluweel "cap" met oranje tossel (grootte 59) @ R1 000. Soos nuut. Skakel 021 887 1770.

### TE HUUR / TO LET

**Tuinwoonstel:** Eenslaapkamer tuinwoonstel met ruim leefvertrek en veilige parkering in Die Boord (naby winkels) vanaf April @ R3 950pm. Water, DSTV, asook skoonmaker een keer per maand, ingesluit. 021 883 8313.

**Kamer te huur:** Sonnige gemeubileerde en-suite kamer met aparte ingang beskikbaar. R2 800pm. w+e ingesluit en aparte kombuis wat met een ander huurder gedeel word. Skakel 076 120 6863 of 021 887 2312.

### SAAMRY / LIFTS

**Noordelike voorstede (Vredekloof of Stellenberg-omgewing) – Stellenbosch:** Saamryklub soek een persoon om saam te ry vanaf bogenoemde areas na Stellenbosch-kampus. Werksure 08:00 tot 16:30. Eie vervoer noodsaaklik. Kontak mhanekom@sun.ac.za of 021 808 2601.

**Gordonsbaai – Stellenbosch:** Dame soek geleentheid vanaf Gordonsbaai tot Stellenbosch en terug vanaf Maandag tot Vrydag. Kantoorure 08:00 tot 16:30. Kontak Miranda by 021 808 9522 of 082 925 5897.

**Noordelike voorstede (Kraaifontein – Stellenbosch):** Saamryklub soek een persoon met eie vervoer om saam te ry vanaf Kraaifontein (Bonnie Brae-area) na Stellenbosch-kampus. Werksure 08:00 tot 16:30. Kontak mer@sun.ac.za of 021 808 4879



LUMLEY'S PLACE
ACCOMMODATION | CONFERENCING | PRIVATE FUNCTIONS
★★★★

Sincerely Yours

PETER AND BENITA CYSTER
M: +27 (0)82 850 9007



GPS: S 33° 54' 178", E 18° 57' 136"
E: info@lumleysplace.co.za
www.lumleysplace.com



Set on a Jacaranda-lined street in Stellenbosch's most elegant part of town 5 Seasons is the oasis of peace and tranquility. Only 3 minutes drive from the centre with its restaurants, cafes and bars, but also museums, galleries, the University and the STIAS conference centre.

*Tel:* 021 886 6159
*Email:* info@5-seasons.co.za
*Website:* www.5-seasons.co.za
60 van der Stel Street, Stellenbosch

5SEASONS guesthouse